

## So is ons verraai (27)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention*. (Verkrygbaar by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

### APARTHEID, 1948-1994 (17)

#### Die sewentigerjare, selfonderhoudendheid en “Bantoestans” (vervolg)

In Suid-Afrika het die polisie op die aktiviste van die Soweto-opstande toegeslaan. Onder die baie aangehoudenenes was Steve Biko, die eerste hoëprofiel swart aktivis wat weens marteling in aanhouding dood is. So onaanvaarbaar as wat dit was en is, het marteling tydens ondervraging op daardie tydstip op 'n groot skaal in baie ander lande in die wêreld plaasgevind — en nie by wyse van uitsondering, soos in Suid-Afrika nie.

Nogtans het die dood van Biko en ongeveer 20 ander gedurende die wetteloosheid van 1976/77 aan die internasionale gemeenskap 'n ideale geleentheid gebied om “Apartheid Suid-Afrika” as 'n “brutale polisiestaat” te brandmerk. 'n Menigte nuwe internasionale strafmaatreëls teen die land het gevolg, onder andere 'n verpligte algehele wapenverbod deur die VN se Veiligheidsraad in 1977, wat alle VN lidlande verbied het om enige militêre toerusting aan Suid-Afrika te verkoop. Die verbod het egter nie in sy doel geslaag nie aangesien dit die ontwikkeling van die plaaslike wapennywerheid gestimuleer het. Binne 'n dekade het Suid-Afrika die tiende grootste uitvoerder van konvensionele wapentuig in die wêreld geword wat krygstuig aan 23 lande in die wêreld verskaf het. Hierdie wapenindustrie het uiteindelik Suid-Afrika se derde grootste bron van buitelandse valuta, naas die uitvoer van goud en steenkool geword. Afgesien van wêreldklas konvensionele wapentuig, het SA uiteindelik ook kernbomme vervaardig en 'n suksesvolle vuurpyl ontwikkelingsprogram van stapel gestuur (*Steenkamp: 470; Gann & Duigan: 259*).

Kort na Soweto en terwyl die land nog onder die naskokke daarvan gebukgegaan het, het 'n ander gebeurtenis, wat die wêreld eweneens mishaag het, sowat 900 kilometer daarvandaan plaasgevind: swart skares het die onafhanklikheidswording van die Transkei op 26 Oktober 1976 in Mthatha, die hoofstad van daardie land, gevier. Die amaXhosa het die gebied tussen die Keirivier en Natal al vir eeue bewoon; maar in 1875 het die Britte dit gekoloniseer en sedertdien was dit onder Blanke heerskappy. Die onafhanklikheid van dié land is toe deur die apartheidsregering herstel, maar in die “spesiale geval” van Suid-Afrika het die res van die wêreld onafhanklikheid op 'n etniese grondslag as 'n skyn-onafhanklikheid en “stamskap” (“*tribalism*”) beskou.

Alle aspekte wat met die tuislandgedagte verband hou is eweneens as die ergste vorm van onderdrukking beskou. Die grensnywerhede (sien Afdeling 4.7.2) wat 'n stelsel van migrasiearbeid was waarvolgens 500 000 arbeiders in die tuislande gewoon en in Suid-Afrika gewerk het, het ook onder ernstige kritiek deurgeloopt — dit sou dan familiebande ernstig knou, ensovoorts. Die wêreldwye stelsel van migrasiearbeid, wat ook in Europa en elders beoefen is, het egter geen morele probleme in die humanitêre kringe veroorsaak nie. Die anti-apartheid beskermers van familiebande het ook in alle tale geswyg oor die miljoen of meer trekwerkers van Lesotho, Swaziland, Botswana, Malawi en Mosambiek wat reeds vir geslagte, lank voor 1948, in Suid-Afrika gewerk het. Hulle was ook glad nie

bekommerd oor die sogenaamde “stamskap” (die etniese basis) waarop die bestaan van hierdie nasionale state berus het nie. Nee, in die “spesiale geval” van Suid-Afrika se tuislandbeleid was daar vir die internasionale gemeenskap en die maghonger ANC net één aanvaarbare plan naamlik behoud van die Britse kolonialisties geskepte bont “Suid-Afrika”, waar die konsep van ’n swart huid (en nie die veelheid etniese verskille nie) as die norm gestel is, sodat daar uiteindelik ’n swart meerderheidsregering oor die hele land kon heers. Dat dit in werklikheid ’n diepliggende rassistiese gesindheid was wat direk ingedruis het teen die globale beginsel dat *volke*, en nie *rasse* nie, ’n reg op selfbeskikking het, het niemand in die internasionale arena gesteur nie.

Ná die Transkei het nog drie gebiede (Bophuthatswana, Venda en Ciskei) in die tydperk tot 1982 hulle volle onafhanklikheid aanvaar. Hierdie state — kortweg die TBVC-state genoem — het nooit enige internasionale erkenning ontvang nie. Die TBVC-state en ander tuislande is deur die res van die wêreld en die ANC spottenderwys “*Bantoestans*” genoem. Die spot is gedryf met hulle “piepklein groottes”, “ekonomiese onlewensvatbaarheid” en “oorbevolking”. Wetenskaplike navorsing en ondersoek wat reeds gedurende die vyftigerjare oor die potensiaal van die tuislande gedoen is, het egter bevestig dat hulle hul bevolkings met gemak kon dra en onderhou, mits dit verstandig geadministreer en benut word (*Tomlinson et al.: 180-181*). Baie ander statistiese vergelykings en gegewens het tot dieselfde gevolgtrekkings gekom. Die Transkei was groter as 30 lidlande van die VN, insluitend lande soos België en Denemarke; Bophuthatswana (die sg. “inkkolle-op-’n-kaart Bantoestan”) was feitlik net so groot as Switserland, drie keer groter as Swaziland, en byna twee keer so groot as Israel (wat net so groot as Lebowa was). KwaZulu was drie keer die grootte van Libanon en veel groter as baie ander Afrikastate soos Ekwatoriaal-Guinee en Burundi.

Wat “oorbevolking” betref: die bevolkingsdigtheid van Transkei was 48 persone per vierkante kilometer, Ciskei 56, Bophuthatswana 23, Lebowa 51, Gazankulu 40, Venda 44 en KwaZulu 67. Die gemiddelde bevolkingsdigtheid vir al die tuislande saam was 46 mense per vierkante kilometer in die middel sewentigs (*Rhoodie et al.: 37*). Terselfdertyd was die bevolkingsdigtheid van Bangladesh 547 persone per vk. kilometer, Taiwan 454, België 323, Indië 209, Rwanda 162, Burundi 143, Nigerië 70, Uganda 54 en Malawi 47 ([www.worldometers.info/world-population](http://www.worldometers.info/world-population)). Teen 1973, toe die tuislande nog ver van hulle volle vlak van ekonomiese ontwikkeling was, het hulle reeds baie ander Afrikalande in vele opsigte oorskadu. (*Word vervolg*).